## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

21 Julie 2014

Dagsê Almal

Die vakansie is ook nou al weer verby en kan ek weer my opgehoopte nuus deurgee. Daar is so baie ek weet amper nie waar om te begin nie. Baie dankie aan ons Skepper vir al die seeninge so mildelik uitgestort oor Eljada Huis. En as ek sê stort dan bedoel ek dit.

Ons R45 000 het ŉ artappelskilmasjien, ŉ snippermasjien(rasper, sny, skyfies, blokkies, repe), ŉ vakuumverpakmasjien en as bonus ŉ biltongmaker kon koop. Ek en Petro het na die verskaffer toe gery in Johannesburg om ŉ demonstrasie van die masjiene te sien en ons is baie opgewonde besig om te oefen met die groente. Op 30 Julie kom Helpende Hand "inspeksie" doen om ons implementering te beoordeel. Ons behoort teen die 2de week in Augustus gereed te wees om die eerste bestellings te verwerk. Sal volgende week die bestelvorms uitstuur.

Ek is ook besig om die kussingprojek se ruimte in te rig vir die industriële borduurmasjien wat met hul R45 000 aangekoop sal word. Dit vorder egter bietjie stadig want ek benodig dringend hulp met die insit van die plafon – het reeds die nodige materiaal as skenking ontvang. Die elek triese bedrading is reeds aangelê. Die werkspasie op die stoep is baie nodig want dan kan ons ook ander naaldwerkprojekte aanpak. Help asseblief.

Mootkamp is elke jaar ook ŉ hoogtepunt en 7 van ons kinders het pootuit teruggekom en vertel hoe lekker dit was. Dankie aan die borge wat dit vir hulle moontlik gemaak het.

Vrydag het ons saam met die Polikliniek ook uitgereik na ander wat selfs minder as ons het en wat ŉ genotvolle dag was dit nie. Ons het brood en sop gaan uitdeel in die parkie oorkant die huis en saam met die "parkie" bewoners ook die vuilgoed help optel wat ons omgewing so sleg laat lyk. Die Community Health Workers het die dag gereël en dit was heerlik om vir bykans 60 honger mense, veral kinders ŉ bekertjie gesonde groentesop te kon gee. Swaarkry is nie mooi om te sien nie en honger erger. Die nood is baie groot – veral onder die blankes – en raak al erger. Eljada Huis se bydrae in die omgewing maak beslis ŉ verskil in verskeie mense se lewens en dit is vir ons ŉ voorreg om hier te kan wees. Sonder elkeen van julle is dit egter nie moontlik nie.

Aldus ons versoek aan meer komberse, warm klere, skoene, handdoeke en lakens – veral vir kinders van alle ouderdomme. Hiermee saam ook ŉ lysie van ***dringende kombuisbehoeftes*** soos suiker, soja, makaroni, koffie, tee(gewoon en rooibos), boksmelk, blikkiesvleis en vis, kitsmieliemeel(veral vir diegene wat nie krag het nie), sout, rys, hawermoutpap, margarien, grondboontjiebotter, stroop, Bovril, soppoeier, koekmeel, anchor yeast, kookolie, eiers, vleis/groente-ekstrak blok kies, kerriepoeier en geurmiddels. Baie dankie by voorbaat. Ons badkamer behoeftes is ook groot nl: badseep, waspoeier, tandepasta, sjampoe, lyfpoeier, lyfroom, bietjie luukshede soos aanrol en spuitgoed. Ons mense sukkel ook veral nou met die krag wat so hoog is en ongebruikte gasbottels en plate sal welkom wees. Elektriese panne, mikrogolfoonde, 2 plaat stofies, potte en panne sal vir die swaarkry help. Maak gerus die garage en kaste skoon en bring alles wat jul nie meer wil of kan gebruik nie. Ons sal uitsoek en heelmaak waar ons kan. Van my mense het ook nie yskaste nie. Ou TV's en veral radios is ook welkom.

***Ons kontantvloei raak ook weer kritiek.***

Ons het ons byna slap gelag vir Sonja toe sy kom vertel van Valies en van sy ander maters wat in die parkie onder die bome bly. Iemand het blykbaar ou TV's onder ŉ boom afgelaai daar en so stap sy by Valies verby waar hy voor een van die TV's sit met die draad anderkant verby(maar natuurlik nie ingeprop nie) en hy sê so ewe vir haar "Die krag is af vandag". Ons ken almal vir Valies en al sy stories en het heerlik saamgelag.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***NS!!***

***Ek is met verlof van 21 – 28 Junie.***

***Kontak gerus vir Petro by 0760571650***

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- **KOS – BAIE GROOT NOOD**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **WARMGOED – KOMBERSE EN BAADJIES**
- **Plastiese sakke en bakke, bottels**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Plastiese tafeldoeke**
- **Groot tafels.**